
10

# KONINKRYKSTYD

Jaargang 24 | 27 Julie 2026

# VRY POS



LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk Vrystaat

NG Kerk Vrystaat




Celicia McLean

# REDAKTEUR

## BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**


***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | Stéphan van der Watt
Enrico Casaleggio | Andries Gous
Elrika Senekal-Van der Berg
Elmarie Els-Hammann | Christo Weideman
*CLF* | *Kerkbode* | *Bybel-Media* | *Engo* | *TOIBO*
*Bybelgenootskap SA* | *WinterHoop* | *LiG-Tydskrif*

## KONINKRYKSTYD

Koninkrykstyd breek net ná Pinksterfees aan en strek tot net voor Adventstyd. In hierdie seisoen word God se koninklike heerskappy en handelinge in elke faset van ons lewe en in die wêreld op baie maniere en met verskeie geleenthede gevier. Met Epifanie-, Paas- en Pinksterfees en die seisoene wat daarmee saamval, is ons herinner aan alles wat God ons skenk en het ons dit gevier. Gedurende Koninkrykstyd sit ons hierdie vierings voort en bely ons dat God nie net Koning is van dié wat in Hom glo nie, maar oor die ganse mensdom en skepping regeer.

*(@ vars.com)*

## DAGBOEK DÍT




## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* sal op **Vrydag 7 Augustus** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

**MODERAMEN** | Interimkomitee
**Mariëtte Odendaal** | *Aan die stuur van ons Sinode*

## ARTIKELS 10

10 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Missie Japan
**Stéphan van der Watt** | *Nuusflits: In oorgangstye*

11 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

12 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Islam Getuienisaksie
**Enrico Casaleggio** | *Die offerfees in Islam en die vraag oor Ismael of Isak*

14 | **ALGEMEEN** | Bybelgenootskap
**Elrika Senekal-Van der Berg** | *'n Geselsie met die Bruid vanaf haar jonger sussie*

15 | **ALGEMEEN** | Engo-Mediaverklaring
**Elmarie Els-Hammann** | *Hoe verduidelik mens die dood aan 'n kind? (Vrystelling: 29 Junie 2026)*

## MEDIATEEK 18

**Leon M Foot** | *Kom, lees*

- *John W de Gruchy*

***a Theological Odyssey: My life in writing (2014)***

## VERJAARSDAE 19

## EKOLOGIE 20

**Mariëtte Odendaal** | *Omgee vir ons ekologie begin by ons verhouding met God*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 21

**21** | LiG-Tydskrif - *Jou storie kan hoop gee*
**22** | CLF *OPEN SOURCE*
**23** | Projek WinterHoop
**24** | Advertensies

## OPLEIDING 26

## KERKBODE BROKKIES 28
## PUBLIKASIES 29

## WAT'S NUUS? 30
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 31

**Christo Weideman** | *En steeds is dit Koninkrykstyd ...*

## KONTAK ONS 32




# Aan die stuur van ons Sinode

MODERAMEN
Interimkomitee
*Mariëtte Odendaal*

Ons weet almal hoe belangrik dit is dat die regte mense in bestuursberoepe aangestel moet word. Dit geld nie net vir ons plaaslike regerings, boere, skoolhoofde, projek- en finansiële bestuurders nie, maar ook veral vir die bestuur van ons NG Kerk Sinode Vrystaat.

Tydens die **afgelope 55ste Sinode** wat vanaf 7 tot 10 Junie in Nampo naby Bothaville plaasgevind het, is die volgende vyf nuwe dagbestuurlede (interimkomitee-lede) van die moderamen deur afgevaardigdes van 149 gemeentes (wat ongeveer 70,000 lidmate verteenwoordig) vir die volgende vier jaar verkies:

**LEES HIER »**

**Ds Christo Weideman**
Voorsitter

**Ds Riaan van Zyl**
Ondervoorsitter

**Dr Leon M Foot**
Skriba

**Ds Charles James**
Addisionele lid

**Dr Leon Oosthuizen**
Aktuaris
Verteenwoordiger van STK

ESEGIËL 47:1-12

LEWENDE WATER

# Ds Christo Weideman

## Voorsitter



*"Ek bly by my standpunt dat eenheid in die kerk van die eerste gemeente se dae af ononderhandelbaar was."*

Om aan die bopunt van 'n tafel die voorsitterstoel van enige organisasie in te neem, is gewoonlik nie 'n maklike taak nie – jy moet jou besigheid se uitdagings en sterk punte deeglik ken, die vermoë hê om almal se bydraes in ag te neem, maar dan ook met 'n ferm hand die verloop van vergaderings help bestuur tot voordeel van die héle organisasie; beslis nie 'n taak vir sissies nie.

Soos om in die voorsitterstoel van die moderamen te sit. Alle oë en ore is op jou leiding gerig.

Ds Christo Weideman, predikant by Kroonheuwel-Noord en vorige Sinodale Taakspan (STK)-verteenwoordiger, het ds Jan Lubbe op Maandag 8 Junie tydens die 55ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat as nuwe voorsitter van die moderamen opgevolg.

Ons het met hom gaan gesels oor hierdie nuwe plek wat hy van nou af aan die moderamen-tafel moet inneem. Ons wou meer weet oor sy 'kom-vandaan', watter slaggate in die pad getakel moet word en hoe hy die Lig 'voor in die wapad' kan bly volg.

### Christo, vertel ons meer van jou grootword- en universiteitsjare en by watter gemeentes jy al predikant was.

Ek is in Middelburg (Kaap) gebore en het my kinderdae in Reivilo, suidwes van Vryburg in Noordwes, tot Graad 5 deurgebring. Daarvandaan het ons gesin na Warmbad getrek waar ek gematrikuleer het. Ek het my BA Admissie aan die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PUK) behaal en my BTh by Kovsies.

Ná my studies was ek deel van die laaste groep dienspligkapelane en was gestasioneer in Behtlehem waar ek aan die Gemeente Bethlehem-Wes verbonde was totdat ek in 1995 Vanderbijlpark toe beroep is. My voorganger daar was 17 jaar lank leraar van die gemeente. Die aand met my bevestiging het ek ewe arrogant gesê dat ek nooit so lank op een plek sal kan bly nie – toe hou ons liewe Heer my 18 jaar daar!

In 2013 is ek na Kroonheuwel-Noord beroep waar ek steeds as leraar dien.

### Jy is nou die nuwe voorsitter van die moderamen. Wat behels dit alles kortliks?

Ek is maar nog baie onseker oor wat alles van my verwag word en wat dit alles behels; dit sal mettertyd kom.

As voorsitter sal dit my taak wees om leiding te neem en te gee aan moderamenvergaderings, waartydens sinodale besluite en opdragte wat vir die moderamen geoormerk is, uitgevoer moet word.

Dit behels visionering op verskeie gebiede, nadenke oor heelwat nasionale en provinsiale kwessies en natuurlik om voortdurend besig te wees met die vraag: Wat vra die Here van sy kerk – ook in die Vrystaat? Ons sal moet fokus daarop om dáármee besig te wees; nie met sake wat nie die Koninkryk van God dien nie.

**Lees meer »**

ESEGIËL 47:1-12

LEWENDE WATER

# Ds Riaan van Zyl

## Ondervoorsitter



*"Vir my gaan dit uiteindelik oor diensbaarheid – om saam met ander te help onderskei waarheen die Here sy kerk lei en hoe ons Hom getrou kan dien."*

Net soos Moses iemand nodig gehad het om sy arms omhoog te hou toe hy nuwe krag en energie nodig gehad het, weet diegene in voorsitterstoele hoe nodig dit is om 'n Aäron aan jou sy te hê wat jou kan bystaan en bemoedig wanneer dit nodig is.

Ds Riaan van Zyl, predikant van die Gemeente Bethlehem-Wes, is tydens die afgelope sinode-sitting as ondervoorsitter van die moderamen in die plek van dr Dawie Botes verkies.

Ons het met hom gaan gesels om meer oor hom uit te vind.

### Riaan, vertel ons meer van waar jy grootgeword, skoolgegaan en op universiteit was, asook by watter gemeentes jy al predikant was.

Ek het grootgeword in Bothaville in die hartjie van die Vrystaat; die plek wat deur die jaarlikse NAMPO-landbouskou beroemd gemaak is.

Ek het my laerskoolopleiding aan Eben Dönges Primêre Skool voltooi en aan die Hoërskool Bothaville gematrikuleer. Daarna het ek aan die Universiteit van die Vrystaat studeer, waar ek die grade BA, BTh, MTh en later ook 'n MBA verwerf het.

Ek het my bediening in 2003 by die NG Kerk Arlington begin en daar gedien tot 2008. Sedert 2008 dien ek met groot dankbaarheid as predikant van NG Kerk Bethlehem-Wes.

### Jy is nou die nuwe ondervoorsitter van die moderamen. Wat behels dit kortliks alles?

Dit behels dat ek onder andere saam met die voorsitter en die res van die moderamen leiding moet help gee aan die werk van die sinode.

Dit sluit onder meer die ondersteuning van gemeentes en ringe, die uitvoering van sinodale besluite en die bevordering van samewerking tussen gemeentes en ringe in.

Vir my gaan dit uiteindelik oor diensbaarheid – om saam met ander te help onderskei waarheen die Here sy kerk lei en hoe ons Hom getrou kan dien.

### Wat beskou jy as die grootste uitdagings in die termyn wat voorlê?

Een van die grootste uitdagings is om 'n positiewe beeld van die NG Kerk in die samelewing te help opbou; iets wat al baie skade gely het omdat daar dikwels 'n gaping is tussen wat gemeentes daagliks doen en hoe die kerk deur die publiek op mediaplatforms waargeneem word.

Verder leef ons in 'n tyd waarin mense toenemend vra hoe die kerk 'n konkrete en volhoubare verskil in gemeenskappe kan maak.

Die uitdaging is nie net om die evangelie te verkondig nie, maar om dit ook sigbaar uit te leef.

**Lees** meer »

# Dr Leon M Foot

## Skriba



*"Ons sal moet leer om ruimte te maak vir mense wat oor sekere sake anders dink as ek – uiteraard nie kernsake nie. Die kerk sal moeite moet doen om medegelowiges met verskillende sienings te akkommodeer, en om mense te help om dit te kan doen."*

Dis eers as 'n mens in tameletjiesituasies moet terugkrabbel om uit te vind wat nou eintlik presies op 'n vergadering besluit is of wat nou na kerkrade en gemeentes gekommunikeer is, dat jy die waarde van notulering en effektiewe kommunikasie snap.

Die man wat nou daardie werk by ons vorige skriba, ds Hannes du Plessis, oorgeneem het, is dr Leon M Foot, PSD (Predikant in Sinodale Diens) vir Bedieningsbegeleiding en voormalige leraar by die NG Gemeente Welkom-Suid.

Ons het meer oor hom gaan uitvind.

### Leon, vertel ons meer van jou grootword- en studiejare, asook jou loopbaan in die kerk.

Ek is in Kaapstad gebore en het in die suidelike voorstad Kenwyn grootgeword. Dit is tussen Youngsfield Militêre Basis en die Kenilworth Perderesiesbaan geleë.

Ek het my skoolloopbaan aan die Hoërskool Zwaanswyk voltooi en vanaf 1979 aan die Universiteit Stellenbosch studeer waar ek my BA (Admissie), BTh en Lisensiaat in Teologie behaal het. Direk daarna het ek my MTh (Kliniese Pastoraat) behaal en in 2013 my PhD. Laasgenoemde was aan die Universiteit van die Vrystaat en het gehandel oor wit NG Kerk-lidmate se siening oor apartheid.

Die enigste gemeente waar ek nog gedien het, was by die Gemeente Welkom-Suid.

### Jy is nou die nuwe skriba van die moderamen. Wat behels dit kortliks alles?

Dis nou my tweede rondte as skriba, so hierdie keer weet ek meer wat vir my voorlê.

Die skriba is die skakel vir alle kommunikasie met en van die moderamen na gemeentes, kerkrade en ringe. Ek is ook daarvoor verantwoordelik om notules van alle vergaderings te hou; iets wat die meeste van my tyd in beslag sal neem, maar wat natuurlik onontbeerlik is.

Die skribawerk vereis ook amptelike kwessies soos die uitreik van aktes van die bevestiging van sinodale en gemeentelike poste, ensovoorts.

### Wat beskou jy as die grootste uitdagings in die termyn wat voorlê?

Die NG Kerk (en ander Afrikaanse kerke) het 'n geskiedenis en tradisie waar ons glo almal moet eenders dink oor alles. Ons geskiedenis (byvoorbeeld die apartheidsjare) het ons van die res van die wêreld geïsoleer. Baie idees en sieninge waaraan ons ná 1994 blootgestel is, is vir ons vreemd. Nou begin ons verskillend dink – en sommige vind dit moeilik. Die volgende stap is dan om te redeneer dat, as jy anders as ek dink, jy verkeerd moet wees, want ek is mos reg!

**Lees meer »**

LEWENDE WATER

# Ds Charles James

## Addisionele lid



*"Ek sien oral in die Vrystaat gemeentes en gelowiges wat met groot toewyding die Here dien. Ek sien lidmate wat omgee, jongmense wat hulle geloof ernstig opneem en gemeentes wat kreatief na nuwe bedieningsgeleenthede soek."*

Ons almal weet hoe belangrik die mense is wat 'n ondersteunende rol in ons lewens speel en hoe maklik alles om ons kan intuimel as dit wegval. Ons weet ook hoe belangrik daardie ekstra oor en skouer is as ons moet klankbord en 'n hupstoot nodig het; dat dit iemand moet wees wie se wysheid en insig ons moet kan vertrou.

En dit is presies wat jy onder andere in die ad disionele lid van jou moderamen-dagbestuur soek. Ds Charles James is tydens die onlangse sinode-sitting in die plek van ds Adrie Potgieter in hierdie pos verkies.

Ons het met hom gaan gesels om meer oor hom uit te vind.

### Charles, waar het jy grootgeword, skoolgegaan, en waar was jy op universiteit? By watter gemeentes was jy al predikant?

Ek is op 28 Februarie 1968 in Odendaalsrus gebore, maar het grootgeword in Nelspruit (Mbombela) waar ek my skoolloopbaan voltooi het. Dit was ook gedurende my hoërskooljare dat ek die Here se roeping tot die bediening beleef het.

Ná matriek het ek aan die Universiteit van Pretoria studeer waar ek my teologie-opleiding voltooi het. Later het ek ook 'n MDiv in Huweliks- en Gesins-pastoraat voltooi.

My eerste bedieningservaring was as pastorale hulp by die NG Gemeente Hartbeesspruit in Pretoria. Daarna was ek vanaf 1995 tot 2006 medeleraar by die NG Gemeente Hugenoot in Bloemfontein. Sedert 2007 dien ek as leraar by die NG Gemeente Pellissier, waar ek tans ook as spanleier optree.

### Jy is nou die nuwe addisionele lid van die moderamen. Wat behels dit kortliks alles?

Hierdie werk behels dat ek die moderamen-dagbestuur sal help leiding gee ten opsigte van sinodale werk tussen die vierjaarlikse sinode-sittings.

As addisionele lid beskou ek my rol veral om saam met die ander lede te help onderskei wat die Here van ons NG Kerk in die Vrystaat vra, om gemeentes te ondersteun en om by te dra tot die strategiese gesprekke oor ons bediening.

Dit gaan uiteindelik daaroor om die kerk te dien en te help dat ons getrou aan ons roeping bly.

### Wat beskou jy as die grootste uitdagings in die termyn wat voorlê?

Ek dink die grootste uitdaging is om relevant en missionaal te bly in 'n samelewing wat vinnig verander. Ons leef in 'n tyd van toenemende sekularisasie, ekonomiese druk en maatskaplike verdeeldheid.

**Lees** meer »

LEWENDE WATER

ESEGIËL 47:1-12

# Dr Leon Oosthuizen

## Verteenwoordiger: SDR Aktuarius



*"Die probleme binne die kerk het meestal met mense te make, maar dis nie die mense se kerk nie – dis God se kerk, en God sal nie sy kerk tot niet laat gaan nie. Ek glo God gaan ons nog verras met 'n paar groot dinge."*

Ons staan daagliks verstom oor die wanorde van menswees. Dit begin gewoonlik soggens as jy die radio aanskakel om na die nuus te luister terwyl jou hawermout op die stoof prut. Skakel jy jou rekenaar aan, word jy gebombardeer met Netwerk24 of *Daily Maverick* se jongste hoofnuus oor oorloë, bedrieërs en kansvatters; alles meestal die gevolge van menslike faktore te wyte aan respek vir jou medemens, jouself en 'n sin vir orde.

En dit is waarom die werk van 'n aktuarius as lid van die dagbestuur van ons kerk se moderamen van groot belang is – dit is die persoon wat moet sorg dat ons kerk in alle opsigte ordelik bestuur sal word; dat ons gemeentes en ringe binne die raamwerk van die Kerkorde sal funksioneer.

Die persoon wat sedert ons jongste sinodesitting in Junie op hierdie warm stoel by ds Christo Weideman oorgeneem het, is dr Leon Oosthuizen, predikant van die Gemeente Langenhovenpark. Ons het meer oor hom gaan uitvind.

### Leon, vertel ons meer van jou grootword- en studiejare, asook waar jy al oral predikant was.

Ek het grootgeword in Wetton op die rand van die suidelike voorstede van Kaapstad. Ek het aan die Hoërskool Voortrekker (ja, daar is een in die Kaap ook), Kenilworth, gematrikuleer waarna ek my BA en BTh aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi het.

Intussen het ek ook 'n MTh daar verwerf en toe my PhD hier by Kovsies. Nadat ek my BTh verwerf het, was ek eers dienspligkapelaan vir 'n jaar in die Vloot en daarna vir 'n jaar proponent in Port Elizabeth by die Gemeente Heideveld. My eerste beroep was na Plettenbergbaai, waar ek amper tien jaar bedien het. Daarna was daar 'n standplaasruiling en is ek na Langenhovenpark, waar ek nou al amper 24 jaar predikant is.

### Jy is nou die nuwe aktuarius van die moderamen. Wat behels hierdie werk kortliks alles?

Die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK), deesdae bekend as die Sinodale Diens Regte (SDR), fokus op die Kerkorde en Kerkreg. Ons ontvang dus baie navrae oor hoe kerkrade of predikante bepaalde sake kerkordelik korrek moet hanteer.

Ongelukkig moet ons ook soms bystand lewer wanneer daar tugsake en selfs regsake iewers ontstaan; iets wat baie wysheid, insig en deernis verg.

Aangesien die SDR net periodiek vergader, is die aktuarius die frontlinie van ondersteuning aan gemeentes en ringe in alle kerkordelike sake.

### Wat beskou jy as die grootste uitdagings in die termyn wat voorlê?

Daar is tans baie woelinge in die NG Kerk; nie net in die Vrystaat nie, maar ook by die Algemene Taakspan Regte.

**Lees meer »**


Stillepolis
STAP IN STILTE. RUS IN SY VREDE.
Stillepolis Lente-retraite
20 - 25 September 2026
Kom vir 2 tot 5 nagte – dit is jou keuse!
Bring jou stapskoene vir die 22km na plaasbestemming op die eerste dag
Bespreek by: www.stillepolis.com
Navrae: WhatsApp 072 115 0057

VENNOTE IN GETUIENIS
Missie Japan
*Dr Stéphan van der Watt*

# Nuusflits

## In oorgangstye

Oorgangstye kan tegelyk vol onsekerheid en opwinding wees. Groot veranderinge bring nuwe uitdagings, én vars geleenthede. Ons beleef tans iets daarvan ...

Ek is oppad terug na Japan ná 'n blitsbesoek aan Suid-Afrika. Die hoofdoel was om 'n konferensie by te woon van die **International Association for Mission Studies**, by UNISA in Pretoria. Dit was 'n betekenisvolle geleentheid vol nuwe ontmoetings en leersame gesprekke, waar ek ook kans gehad het om 'n aanbieding te doen. Verder kon ek ook 'n paar van Missie Japan se leiers ontmoet tussendeur, en het ek gepreek by **NG Riviera-Jakaranda-gemeente** in Pretoria. 'n Bemoedigende ervaring! Maar ek kon ook 'n rukkie by my ouers (albei in hulle 80's) vertoef om hulle te ondersteun in hulle groot skuif na 'n aftree-oord in Jeffreys-baai, waar meer versorging en 'n kleiner leef-ruimte beskikbaar geword het.

Ons is baie dankbaar en die drie dae saam was kosbaar. Op pad na Suid-Afrika het ek 'n ekstra dag vertoef om 'n **span van Singapoer** te ontmoet (foto onderaan) en meer oor ons werk te deel. Dis 'n groep saam met wie ek verlede jaar in Kanazawa ondersteuningswerk gedoen het ná die aardbewing daar. Hulle gasvrye ontvangs en geesdrif om in Japan betrokke te wees, was besonders.

Die ander oorgang wat ons deurleef is Annlie, ons oudste dogter, se skuif na universiteit. Sy is slaggereed vir die nuwe, groot tree op haar lewenspad. Carina verdien alle krediet, saam met Annlie, vir meer as 'n dekade van toewyding, opoffering en vasbyt! Genade op genade. Eerder as wat ek nou iets verder kwytraak, lees gerus hieronder wat Annlie self geskryf het oor haar ervarings tot hier en haar verwagtinge van wat voorlê.

Intussen maak ons as gesin 'n ander oorgang ... na rustyd. Ons jaarlikse verlof is om die draai en ons sien baie uit na 'n kans om te herlaai, te reflekteer en met vars krag terug te keer na Kobe.

**Lees** meer »



***Foto:*** *verskaf*

# ARTIKELS
UIT DIE SINODE






# DEGNOS-dinge

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

## Liewe vriende van DEGNOS

### Strome van lewende water het deur DEGNOS se bediening gevloei

*"Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: 'Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.'"*
*Johannes 7:38*

Die afgelope tyd het die Here sy trou en voorsiening op besondere wyses sigbaar gemaak. Deur opleiding, jeugbediening, dissipelskap en uitreike is gelowiges toegerus om die evangelie met oorgawe uit te leef en nuwe gemeenskappe met God se Woord te bereik.

### Jeugbediening

Die wederkerige uitreik saam met NG Gemeente Suiderhof was 'n besondere hoogtepunt. Jongmense het deur die **Vaste Fondamente**-reeks gegroei en Bybelse beginsels prakties in die habitatte toegepas. Die laaste Omega-jeugkamp van die jaar is met dankbaarheid afgesluit.

Terugskouend was dit duidelik hoe die Here oor die afgelope vier jaar duisende jongmense deur hierdie bediening aangeraak en geestelik versterk het.

In Omatako is 'n kinderprogram saam met ds Moyo en Lucia aangebied om kinders en ouers te help verstaan wat dit beteken om as burgers van God se Koninkryk te leef. Vanweë die positiewe reaksie is beplan om die program ook by Mangetti Duin aan te bied. Die Scholar Assist-deelnemers het ná die skoolvakansie na hulle onderskeie skole teruggekeer en is met gebed aan die Here op-gedra.

### Opleiding van geestelike leiers

Evangeliste-opleiding op Tsumkwe het deur die jaar voortgegaan onder leiding van ds Johannes Aucamp. Studente uit die 45 habitatgemeentes is toegerus om die evangelie deur middel van geïllustreerde Bybelverhale na hulle gemeenskappe te neem.

**Lees** meer »

# ISLAM

## Die offerfees in Islam en die vraag oor Ismael of Isak

Onlangs op 'n uitreik na Durban praat ek met 'n ou Moslemman. Hy vertel my toe dat hulle binnekort die fees *Eid al-Adha* sou vier, waar hulle daaraan dink dat Abraham sy seun Ishmael moes offer. Ek vra hom toe watter betekenis dit vir hulle as Moslems het, waarop hy sê dat dit bloot op Abraham se gehoorsaamheid gedui het. Ek vertel hom toe van die Bybelse verhaal van Abraham wat vir Isak moes gaan offer en hoewel hierdie verhaal iets van Abraham se geloof en gehoorsaamheid te sê het, het dit soveel te meer iets belangrik oor God te sê. Die belangrike deel was dat God 'n ram gegee het om in die plek van Isak te sterf. Ek vertel hom toe dat mens die Bybel se boodskap in hierdie vier woorde kan saamvat, nl: "in die plek van". Want nie net sterf 'n ram *in die plek van* Isak nie, maar 'n lam sterf ook in *die plek van* die Israeliete se eersgeboreners in Egipte. En hierdie het alles vooruitgewys na Christus wat i*n die plek van* sondaars sterf.

Die Islamitiese Offerfees, **Eid al-Adha**, is een van die belangrikste feeste op die Moslem-kalender. Dit word wêreldwyd gevier, soos genoem, as 'n herdenking van Abraham (Ibrahim) se bereidheid om sy seun aan God te offer. Vir Moslems is dit 'n viering van gehoorsaamheid en vertroue in God se wil. Die fees val saam met die voltooiing van die Hajj-pelgrimstog in Mekka en word gekenmerk deur gebede, liefdadigheid en die simboliese slag van 'n dier, waarvan die vleis met familie, vriende en armes gedeel word. In Islam word algemeen aanvaar dat die seun wat Abraham moes offer, Ismael was.

[1] The Sacrificial Son of Ibrahim: Discourse on Q.37:102 with Emphasis on Hamka's Tafsir Azhar, ALS Indiana Journal of Humanities and Social Sciences, Volume-06|Issue-11|2025

*'n Reeks Islam-artikels. Hier is 'n artikel wat handel oor die vraag of Abraham vir Isak sou offer (soos die Bybel sê) en of dit Ismael was (soos Moslems glo, maar die Koran NIE sê nie).*

Die Koran vertel die verhaal in Sura 37:99–113, waar Abraham 'n droom ontvang waarin hy sy seun moet offer. Wat belangrik is om te weet, is dat die *Koran* nie die seun by die naam noem nie. Dit is die *hadith* en *tafsir* wat hom as Ismael identifiseer.

Vir Moslems is Ismael die voorvader van die Arabiese volk en die lyn waaruit die profeet Mohammed sou kom. Daarom dra die verhaal vir hulle 'n besondere teologiese betekenis: Ismael word gesien as die seun van oorgawe, die een wat saam met Abraham die *Kaäba* herbou het, en die een deur wie God se seën oor die Arabiese nasies sou vloei. Die *Kaäba* (wat "kubus" beteken) is die allerheiligste heiligdom in die Islam en is geleë in die middel van die Groot Moskee in Mekka. Dit dien as die sentrale gebedsrigting vir Moslems wêreldwyd en is die hooffokus tydens die jaarlikse *Hajj*-pelgrimstog

Eid al-Adha vier dus nie net Abraham se gehoorsaamheid nie, maar ook Ismael se gewilligheid om homself te laat offer.

Soos ons reeds gesien het, noem die Koran nooit eksplisiet die seun se naam nie — kon dit dus, soos die Bybelse verhaal, Isak wees? In Sura 37 word die seun eers beskryf as "'n sagmoedige seun" (37:101), en eers ná die offerverhaal word die geboorte van Isak aangekondig (37:112).

Hierdie volgorde het aanleiding gegee tot 'n debat onder geleerdes — selfs binne Islam. Sommige vroeë Islamitiese kommentatore het geglo dat die seun Isak was, nie Ismael nie.

**Lees** meer »



God roep jou ...
07 - 09
AUGUSTUS | Menuha
Met ons aanbieder van Stillepolis, VBO Netwerk
Ds Louwrens Scheepers
Besprekings
Marietjie van der Merwe
076 113 9601
vrouelidmate@gmail.com
vb
VROUEBEDIENING
NG Kerk
Vrystaat

*Dr Elrika Senekal-Van der Berg*

# ’n Geselsie met die Bruid vanaf haar jonger sussie

Die Bybelgenootskap het sopas die voorreg beleef om die afgelope Sinode by te woon in Bothaville, en tydens hierdie geleentheid het ek spesifiek genoem dat die prentjie in my kop een is van die Bruid (kerk) wat aantrek vir die bruilof, terwyl haar jonger sussie (Bybelgenootskap) haar help.

In die prentjie wat *Meta* my sommer help maak het, is kleinsus besig om die bruid se sluier aan te gee. ’n Jonger sussie kan haar ousus met baie goed help en baie ondersteuning bied, maar sy kan nie na haarself omsien nie — die ouer suster moet vir haar sorg. Dit is maar hoe die prentjie in my kop leef en hoe ek mense probeer handvatsels gee vir wat ons as Bybelgenootskap kommunikeer.

Ons verkoopsverteenwoordiger Stella Moletsane het die hele Sinode op haar pos gestaan en ek wil graag haar terugvoer teenoor elkeen verwoord. As Sotho-meisie uit Qwa-Qwa was haar belewenis en terugvoer vir my besonder kosbaar. Stella se Sotho-naam beteken "skoenlapper", en baie Sinodegangers het haar sommer op die naam Skoenlapper/Butterfly begin aanspreek.

Dit was vir haar heerlik. Sy het gekommunikeer dat sy TUIS gevoel het, asof sy tussen haar eie mense is. Nie sy óf ekself het op enige stadium soos buitestaanders gevoel nie en haar ervaring was dat sy nie net hartlik hanteer was nie, maar met warmte ingetrek was in verhoudings met die warm mense van die NG Kerk Vrystaat.

Die liturgiese geleenthede het haar diep geraak, en sy het ’n dag later teenoor my erken dat die sinodelied aanhoudend in haar kop maal. Wat my veral diep geraak het, was haar woorde: Ek was hartseer om te moet vertrek.

NG Kerk Vrystaat: dankie dat julle jul kleinsus liefhet, omarm en versorg. Dit was ’n diep roerende belewenis om saam met die Bruid te dink, leef en beleef in Bothaville ...

**Lees** meer »



***Foto**: Bruid en kleinsus (verskaf en geskep deur Meta)*

# Hoe verduidelik mens die dood aan 'n kind?

***Mediaverklaring**: Vrystelling op 29 Junie 2026*

***Foto**: Verskaf*




**Geskryf deur Elmarie Els-Hammann**

*(Maatskaplike Werker – Ringerstraat, Sasolburg en Vrede Kinder- en Jeugsorgsentrums, deel van Engo Kinder- en Jeugsorgsentrums)*


## Hierdie bly een van die moeilikste onderwerpe om aan te spreek. Die sleutel tot hierdie gesprekke lê in eerlikheid en eenvoud.

Kinders het nie ingewikkelde verduidelikings nodig nie, maar eerder duidelike, rustige en veilige antwoorde wat hulle kan help verstaan wat gebeur het. Wanneer 'n kind vra wat dood is, is dit belangrik om nie die vraag te vermy nie. Dit help om eers by die kind te begin deur te vra wat hulle self verstaan, sodat die gesprek aangepas kan word by hul vlak van begrip.

Die gesprek moet kalm en direk gevoer word, met taal wat by die kind se ouderdom pas. Eenvoudige verduidelikings soos: "Wanneer iemand doodgaan, beteken dit hul liggaam hou op werk en hulle kan nie meer asemhaal, beweeg of terugkom nie," help om verwarring te voorkom.

Kinders verwerk verlies oor tyd en kan dieselfde vrae herhaaldelik vra. Geduld is daarom belangrik, en volwassenes word aangemoedig om elke keer rustig en konsekwent te reageer.

Emosionele bevestiging speel 'n groot rol. Kinders moet verstaan dat dit normaal is om hartseer, bang of verward te voel. Om hul emosies te benoem en erkenning daaraan te gee, help hulle om dit beter te verstaan en te verwerk.

Ondersteuning van 'n kind in hierdie tyd gaan egter verder as net gesprekke. Kinders het 'n behoefte aan veiligheid en roetine - om hul daaglikse ritmes so normaal moontlik te hou, help om stabiliteit te skep in 'n tyd wat onseker voel. Eenvoudige dinge soos gereelde etenstye, skoolbywoning en slaaptydroetines kan 'n groot verskil maak.

Fisiese teenwoordigheid en troos is ook belangrik. 'n Drukkie, om naby te sit of net beskikbaar te wees, gee vir die kind die boodskap dat hulle nie alleen is nie.


**Lees** hier »



NG Kerk Vrystaat

# Barend Wessels Gedenksentrum







## MEENTHUISE **TE HUUR**

**Barend Wessels Gedenksentrum** is 'n behuisingskompleks in Bloemfontein wat uit meenthuise bestaan en is sentraal geleë naby winkelsentrums. Dié meenthuis-kompleks is nie 'n aftree-oord nie en ook nie diere-vriendelik nie.

### HUURBEDRAG

**R8,380** / MAAND

### MEENTHUIS SE LIGGING

NP van Wyk Louwstraat,
Langenhovenpark, BFN, 9301

### KENMERKE

- 2 Slaapkamers
- 1 Badkamer
- 1 Motorhuis
- 110 m²

**KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING**

ngkerkvrystaat.co.za

ontvangs@ngkvs.co.za

(051) 406 6700

NG Kerk
Vrystaat

# MOOIGENOEG

## KAMPTERREIN / CAMPING GROUND

## Bloemfontein







Ctrl + Click on the link to find us on the map:
https://maps.app.goo.gl/EjtnPhELWAHKMz7r8

## FACILITIES

- 154 bunk beds in total
- The sleeping units consist mainly of bunk beds.
- The bathrooms consist only of showers, sinks, and toilets.
- There are two separate equipped kitchens.

**7 Self-Catering Chalets** – Each chalet accommodates a maximum of 4 guests and has its own private bathroom. The chalets are equipped with bedding, a microwave, fridge, kettle, cutlery, and crockery.

**The entire premises can accommodate up to 182 guests.**

The campsite also features a large swimming pool (1.5 m deep), a spacious lawn area, and numerous shady trees.

## PRICES for 2026

| | | |
|---|---|---|
| **Accommodation without bedding** | **R135.00** | per night per person |
| **Day visitors (08:00-17:00)** | **R110.00** | per person per day |
| **Accommodation: Chalets** | | |
| 1 person | **R 330.00** | per unit per night |
| 2 persons | **R 600.00** | per unit per night |
| 3 persons | **R 880.00** | per unit per night |
| 4 persons | **R 1100.00** | per unit per night |
| **Kitchen** | **R 700.00** | per day |
| **Kitchen** | **R 1000.00** | per day (near hall for functions) |
| **Big hall** | **R 1200.00** | per day (when group sleeps over) |
| | **R 5500.00** | per day (functions) |
| **Olienhout + Kitchen** | **R 3300.00** | per day (functions) |
| **Caravan** | **R 160.00** | p/day per stand |











## INQUIRIES AND RESERVATIONS:


(051) 406 6700

EMAIL - ontvangs@ngkvs.co.za



# KOM, LEES






Oorgeneem uit: © 2026 Clarke's Bookshop

### John W de Gruchy

## *a Theological Odyssey: My life in writing (2014)*

*"Vir my is teologie nie 'n diskrete akademiese of kerklike dissipline wat apart is van die probleme en moontlikhede waarmee ons in die samelewing en die politieke arena te kampe het, of wat beperk is binne die gemeenskap van geloof nie. Teologie gaan oor die lewe in sy kompleksiteit en dubbelsinnighede, pyn en vreugde, lelikheid en skoonheid, leuens en waarheid, onderdrukking en stryd om geregtigheid. Maar teologie poog spesifiek om betekenis binne hierdie paradokse van die lewe te onderskei vanuit die perspektief van ingeligte geloof, realistiese hoop en self-gewende liefde ... [En] om teologie te doen kan 'n lewenslange avontuur word, 'n persoonlike odyssee gedryf deur 'n passie wat allesverterend kan word ... Dit alles gaan oor veel meer as om teologiese boeke en joernaalartikels te skryf. Maar skryf is een manier om uit te druk en te kommunikeer wat teoloë onderskei." **John de Gruchy***

***Cas Wepener (UP)** skryf:* "John de Gruchy is een van die grootste en mees gerespekteerde Suid-Afrikaanse teoloë van die afgelope vyf dekades. Sy werk het 'n onuitwisbare merk op beide die Suid-Afrikaanse en internasionale teologiese landskappe gelaat. In hierdie boek beskryf hy sy teologiese reis en hersien hy kern-temas, periodes en bronne. Dit is 'n verrykende leesstof, aangesien De Gruchy met sommige van die grootste teoloë in die geskiedenis van die kerk in gesprek tree – veral Johannes Calvyn, Karl Barth, Karl Rahner, Dietrich Bonhoeffer en Reinhold Niebuhr - sowel as met 'n wye verskeidenheid van sy mede-Suid-Afrikaanse teoloë.

John de Gruchy se betrokkenheid by teologie as student, predikant en akademikus strek oor meer as vyftig jaar. Hy het doktorsgrade in beide teologie en sosiale wetenskap, en is die outeur of redakteur van meer as dertig boeke.

Hy het verskeie teologiese pryse en ere-doktorsgrade ontvang. John is ook professor-emeritus aan die Universiteit van Kaapstad, buitengewone professor aan die Universiteit Stellenbosch en genoot van die Stellenbosch Instituut vir Gevorderde Studie."

BEDIENINGSBEGELEIDING
Mediateek
*Dr Leon M Foot*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

# VERJAARSDAE

ngkerkvrystaat.co.za

# VEELS
## GELUK



Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

**JUNIE**

21 Ds Rikus Botha
UNIVERSITAS GELOOFSENTRUM & VERKEERDEVLEI

24 Ds Victor Cloete
HOOPSTAD

28 Ds Stefan Conradie
REITZ-WES

**JULIE**

04 Ds Riaan van Zyl
BETHLEHEM-WES

06 Ds André Smit
BULTFONTEIN

13 Ds Christo Nel
WESSELSBRON

13 Mnr Andries Gous
DEGNOS, VENNOTE IN GETUIENIS

14 Ds Peet Louw
RIEBEECKSTAD-ERFDEEL

**AUG**

05 Mev Anelia van den Blink
SINODALE KERKKANTOOR

06 Ds Jacques Else
ESTOIRE

*- Lekker verjaar -*



BEDIENINGSBEGELEIDING
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

# Omgee vir ons ekologie begin by ons verhouding met God

Wanneer ons oor ekologie praat, dink baie mense dadelik aan projekte oor herwinning, plastiekvermindering of aan klimaatsverandering.

Vir ons as kerk begin ekologie egter nie by 'n projek nie; dit begin by ons verhouding met God. Dit bepaal die manier waarop ons na die skepping kyk. As ons die wêreld sien as iets wat aan Gód behoort, verander dit ons houding, ons taal en uiteindelik ons optrede.

## Die skepping as God se eerste geskenk

Psalm 24:1 (1983) herinner ons: "Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here, ..." Dit is 'n radikale stelling. Dit beteken dat die grond onder ons voete, die lug wat ons inasem, die water wat ons drink, en die diere wat saam met ons leef, nie bloot natuurlike hulpbronne is nie. Dit is God se eiendom. Ons leef nie op neutrale grond nie; ons leef op heilige grond.

**Lees** meer »

LiG
tydskrif

# *Jou storie*
# KAN HOOP GEE.



Lig-tydskrif is op soek na **werklike stories** van mense wat onlangs deur trauma gegaan het – stories van **hoop** en **herstel**.

## WAT ONS SOEK:

- Stories van trauma wat **redelik onlangs** plaasgevind het.
- Dit kan iets **onverwags** of **ingrypends** wees wat jou lewe geraak het.
- Nie verhale uit jou kinderdae nie – dit moet **onlangse** gebeure wees.

> **Jou getuienis kan 'n ander mens se hart aanraak en lig in hul donkerte bring.**

**BELANGRIK OM TE WEET:**

- Dit hoef nie 'n algemene ervaring soos kanker of 'n verlies deur die dood te wees nie.
- Ons fokus op unieke, persoonlike verhale van **herstel**, **hoop** en **geloof**.
- Jou getuienis kan iemand anders se hart aanraak en lig in hul donkerte bring.

**WIL JY JOU STORIE DEEL?**
Kontak asseblief **Deonette De Kock**
**082 553 4760** vir meer inligting.

Verhale wat **inspireer.**
Geloof wat **hoop gee.**

CLF

# CLF OPEN SOURCE




https://clf.co.za/open-resource-library/

info@clf.co.za

# SOMETIMES THE SMALLEST ACT OF KINDNESS




WINTER
HOPE♥HOOP














R399
2026
jaarboek
van die nederduitse gereformerde ke
www.bybelmedia.org.za




DIE BYBEL
2020-vertaling
R195
www.bybelmedia.org.





Doen meer
MISSIO
www.missio.org.za
Digital Products
Jeugfokus Kategese+ | Jaar toegang | Gemeente | Gemeentereking
Akkerpret/Kleuterpret-reeks
MISSIO




Vier die Lewe
VROUE-OGGEND
Ten bate van ENGO VRYSTAAT
UITNODIGING
21 Augustus 2026
Tyd: 08:00 - 12:00
R3 500 per tafel van 10
Leopards and Lace, Bloemfontein
met Leandie du Randt en Jacobus Silwer
Besprekings:
alda@engo.co.za of 082 991 0488
Engo





WELRIEDAL YOUTH CARE CENTRE
GOLF DAY
Together we drive change
FOR CHILDREN, FOR HOPE, FOR TOMORROW.
WATERHOLES R1500
R250 PER PERSON
DATE 19 SEPTEMBER 2026
VENUE BRAND MASHIE GOLF CLUB WELKOM
INCLUDED: ✓ HALFWAY HOUSE ✓ GREAT PRIZES
SHOTGUN START
• MORNING: 07H30 FOR 08H00
• AFTERNOON: 11H30 FOR 12H00
• PRIZE GIVING: 17H30 FOR 18H00
WHAT TO EXPECT
✓ FUN COMPETITIONS
✓ R20 RAFFLE TICKETS FOR MYSTERY HAMPER
✓ LOTS OF LAUGHS & MEMORIES
2BALL SCRAMBLE DRIVE – EXPECT THE UNEXPECTED!

Engo
Cruise for a Cause
N AN ALL-INCLUSIVE MSC
UISE TO THE PORTUGUESE ISLANDS
14 December 2026
num of R50 donation
ng date: 30 September 2026
of winner by 23 October 2026
Tickets available online at www.engo.co.za or at any participating Engo programme.
MSC CRUISES




What can you get for R105?
4 TAKEAWAY COFFEES
OR HELP TO PLACE A BIBLE IN SOMEONE'S HAND.
JOIN THE BIBLE-A-MONTH CLUB
YOUR MONTHLY DONATION OF JUST R105 CAN CHANGE A LIFE.
www.biblesociety.co.za
bible society of south africa

ouditorium te huur
BYBELHUIS
BLOEM
Ons wêreldklas ouditorium kan gehuur word
Billike fooie
Veilige parkering
Klank en beeld
Privaat of besigheid
BESPREEK NOU
051-4445980
elrika@biblesociety.co.za
220 Nelson Mandela Rln




ECD E-PAMPHLET SERIES - NOW ALSO AVAILABLE IN ISIXHOSA
E-Pamphlets available in English, Afrikaans and isiXhosa
CLF

ENTERPRISES
University of Pretoria

# BRUGBEDIENING



Foto by Joseph Barrientos op Unsplash

**DOEL** – Die weggaan van ‘n predikant in ‘n gemeente laat so ’n gemeente in ’n tyd van bepaalde onsekerheid. Die pad vorentoe is onseker totdat ‘n nuwe permanente bediening weer in plek is. Hierdie kursus poog om reeds goed opgeleide predikante verder op te lei vir wat brug of interim bediening genoem word. Dit is doelgerigte en spesialis opleiding om gemeentes tydens hierdie oorgang periode, soms deur korporatiewe trauma heen, tot voordeel van die gemeente se nuwe toekoms te begelei en waar nodig te fasiliteer.

**DATUMS :** **Week 1: 27 – 30 Julie 2026**

**Week 2: 16 – 19 November 2026**

**KURSUSLEIER:** Prof Malan Nel

**DOSENTE:** Malan Nel, Roelf Opperman, Hannes J van Rensburg, Stephan de Beer en nog 6 ander.

**KURSUSKOSTE** – R4 850 (VAT INKL)

**PLEK -** NG Kerk, Stellastraat, Pretoria /DRC Stella Street, Pretoria.

**VBO Krediete :** 70

**KONTAK -** Irene Thomas , 012 420 4952 OF **EPOS :** irene.thomas@up.ac.za

ENTERPRISES
University of Pretoria

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE







**27 Julie**
5 VBO-punte
Kom gesels saam oor Disrupting the Divide




**30 Julie**
10 VBO-punte
"Vergaderings kan sinvol wees!" met prof Johan van der Merwe




**4 & 5 Augustus**
Pretoria & JHB/Soweto
Preaching Luke Backwards with Prof Eric D Barreto




**13 Augustus**
10 VBO-punte
"Die pastor in 'n eeu van egtheid" met dr Gerrie Bodenstein




**1 September**
VBO-, CPSC- & AFM PCD-punte
"Sewe beginsels wat 'n huwelik laat werk" met prof Wentzel Coetzer



**22 Oktober**
2 VBO-punte
Kom ontmoet met die Heiliges: *"Oscar Romero"* met dr Lisel Joubert

didasko
'n Lerende gemeenskap

DIDASKO-**DINSDAE**





2 VBO-PUNTE

19:00 - 21:00

**AUG 11**

# DIS GRIEKS VIR MY

## "Koine"

is die naam van die tipe Grieks wat in die NT-tyd gebruik is

**PROF**
**MARIUS NEL (US)**
*Zoom-sessie*

**Die krag van KI-Koine**

Kunsmatige Intelligensie-modelle bied aan ons 'n kragtige nuwe manier om ons ***Koine* Grieks** op te knap. KI-modelle kan soos 'n assistent optree wat ons begelei om vanuit die Griekse teks te werk met die implikasie van tekskritiese variante, grammatikale konstruksies en vertaal-variasies wat ons omgaan met die Nuwe Testament 'n nuwe diepgang gee.

**NAVRAE** | leon@ngkvs.co.za

Kom ontdek die krag van KI-Koine en hoe antieke tale en moderne tegnologie saam nuwe insigte kan ontsluit en die wêreld van die Nuwe Testament se Grieks op 'n vars en praktiese manier te verken!
Moet dit nie misloop nie.

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



Jan Lubbe | Uit my Kerkdagboek: Waar ons Moeder staan ...

*23 Julie 2026*
*Kerkbode, Rubrieke*
*Jan Lubbe*




Is Christelike nasionalisme werklik Christelik?

*23 Julie 2026*
*Kerkbode*
*Nadia Marais*



Jaco Strydom gesels met Frikkie Coetzee: 'Ons het nou leiers nodig wat polariteite in die kerk kan hanteer'

*22 Julie 2026*
*Kerkbode, Artikels*
*Jaco Strydom*



'Die Bybel bly tydloos': Gesprek met skrywer-predikant wat eeue-oue Bybel-organisasie deur uitdagende tye moet lei

*20 Julie 2026*
*Kerkbode, Artikels*
*Heléne Meissenheimer*




Tussenin | Zander van der Westhuizen: Op pad terug van Noorweë bid ek 'n vreemde gebed

*20 Julie 2026*
*Kerkbode, Tussenin*
*Zander van der Westhuize*




Ontmoeting in Malawi met kerkleier wat moes vlug uit SA ontbloot kompleksiteit van oorgrensverhou-dings vir geloofsge-meenskappe

*16 Julie 2026*
*Kerkbode, Artikels*
*Nioma Venter*

Google Play kerkbode.christians.co.za App Store

Bybel-Media

## My eerste speel-en-leer-Bybel





**R250** »

### 100 selfdoen-aktiwiteite en 50 inkleurprente

In *My eerste speel-en-leer-Bybel* ontdek kleuters en kinders van die mooiste stories in die Bybel: van Adam en Eva, Josef en Ester tot by Jesus en sy vriende, Jakobus en Lidia. Hulle leer ken ook belangrike mense in die Bybel, soos Noag wat 'n ark gebou het, Dawid wat 'n groot reus verslaan het, Saggeus wat in 'n boom geklim het en Paulus wat ver gereis het om vir mense van Jesus te vertel. Elke storie is maklik om te lees en te verstaan. En die beste van alles? By elke storie is daar 'n prettige aktiwiteit! Die verhale word só oorvertel dat kinders tussen die ouderdomme van 3 en 8 jaar dit kan verstaan en dit self kan lees.

## My eerste Storie-Bybel vol diere





**R250** »

### 'n Dierestorie uit elke Bybelboek

Hierdie vrolike Kinderbybel vertel 66 dierestories, een uit elke Bybelboek. Die jong kinders sal hoor van donkies wat sien wat mense nie kan sien nie, heuning in 'n leeu se geraamte, kraaie wat kos bring, wolwe en lammers wat by mekaar lê, 'n groot vis wat 'n boodskapper van God insluk tot by 'n koperslang teen 'n paal, 'n herder en sy skape, Jesus wat op 'n donkie ry, 'n haan wat kraai, 'n seun wat varke moes oppas, en nog baie meer. Van die heel mooiste Bybelstories word só oorvertel dat jong kinders dit maklik sal verstaan en onthou. Boonop sal eerste lesers dit self kan lees.

## My eerste ABC-Bybel vol letters




**R250** »

### Bybelstories vir elke letter van Aa tot Zz

52 van die bekendste stories in die Bybel word só oorvertel dat kleuters en kinders dit maklik sal kan verstaan en onthou. Boonop sal hulle die ABC op 'n prettige manier leer ken. Hulle kan ook die letters van die alfabet in die kleurvolle illustrasies soek. Die stories van Adam, Dawid, Eva, Gideon, Rut en Samuel in die Ou Testament, en van Jesus, Lasarus, Maria, Paulus, Saggeus en Tomas in die Nuwe Testament sal kinders laat ontdek hoe lief Jesus vir hulle is. Hierdie Bybel sal in elke kind se hart 'n vlam van liefde vir Jesus en sy Woord aansteek. Want Bybelstories in 'n kind se hand is die begin van 'n leeftyd saam met Jesus.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeentegebeure

Kalender | Belangrike datums

**KALENDER**

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer **hier**

**VAKATURES**

**AFLOS**

kerkbode

## Interaktiewe Dagboek

Deel jou dagboek hier

**DAGBOEK**

**VAKATURES**

vakatures@tydskrifte.co.za

**AMPTELIK**

kerkbode@tydskrifte.co.za

## AMPTELIKE PREDIKANTENUUS

**BEVESTIG** | **Dr Antoinette Wilson** en **ds Fred Wilson** is op 2 November 2025 by NG Gemeente Bothaville-Noord bevestig as leraars. **Dr Suzanne van der Merwe** van die NG Gemeente Kroonstad-Noord is op Sondag 5 Julie 2026 deur haar pa, dr Theo Kleynhans, as leraar by NG Gemeente Universitas-Wes bevestig. **BEROEP** | Die Kerkraad van NG Gemeente Luckhoff het vir **dr Ben Marais**, tydens 'n kerkraadsvergadering op 29 Junie 2026, in 'n 2-jaar vastetermyn predikantspos beroep. **AANVAAR** | **Ds Marnico Wessels** van NG Gemeente Paterson het die beroep na NG Gemeente Hertzogville aanvaar. Haar aanstellingsdatum is Dinsdag 1 September 2026. **KENNIS** | Die Kerkraad van NG Gemeente Fouriesburg het op 18 Februarie 2026 besluit om nie **ds Ronel Coertzen** se dienskontrak te hernu nie. Die dienskontrak is op 30 Junie 2026 beëindig.




HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# ’N LAASTE GEDAGTE



**Foto:** *Ds Christo Weideman (verskaf)*

ALGEMEEN
Voorsitter van die Moderamen
*Ds Christo Weideman*

## En steeds is dit Koninkrykstyd ...

Koninkrykstyd is die langste van ons kerklike seisoene. Soms ook die seisoen met die minste “opwinding”. In al die ander seisoene vier ons immers iets of gebeur daar iets groots, maar geen groot heilsgebeure val binne hierdie tyd nie. Dis dalk hoekom die kerk soms nie so lekker weet wat om met hierdie seisoen te doen nie!

Maar die teendeel moet waar wees: die kerk moet haar aktief besig hou in hierdie tyd met vrae soos: *Hoe leef ons nou, in die lig van alles wat God reeds gedoen het?* Ons het die koms van Christus gevier. Ons het by die kruis stilgestaan. Ons het die leë graf met vreugde begroet. Ons het Pinkster gevier en God gedank vir die gawe van die Heilige Gees. Nou volg die vraag wat ons die hele seisoen moet oordink en vir onsself (en die wêreld) moet antwoord: *Hoe lyk ’n kerk (in breër verband) en ’n gemeente (in plaaslike verband) wat werklik onder die heerskappy van die Koning leef?*

Hoe word die koninkryk van God meer sigbaar deur sy kerk gemaak in hierdie tyd en wêreld waarin ons leef? Vir ons as kerk in die Vrystaat het hierdie seisoen besondere betekenis. Ons leef in gemeenskappe waar mense daagliks gekonfronteer word met armoede, werkloosheid, misdaad, gebroke gesinne, eensaamheid en ’n groeiende onsekerheid oor die toekoms. Juis in so ’n wêreld in ons mooi provinsie roep Christus ons om sy koninkryk sigbaar te maak deur as sout van die aarde en lig vir die wêreld te leef.

Koninkrykstyd herinner ons daaraan dat die Here sy kerk ook in hierdie provinsie geplaas het om ’n tasbare teken van sy Koninkryk te wees. Waar daar verdeeldheid is, moet die kerk versoening bring. Waar daar wanhoop is, moet die kerk hoop verkondig. Waar daar nood is, moet die kerk dien. Waar mense na betekenis en sin soek, moet die kerk altyd gereed wees, gereed om ’n antwoord te gee aan elkeen wat ’n verduideliking eis oor die hoop wat in ons lewe – soos Petrus dit in 1 Petrus 3:15 duidelik stel.

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

REDAKSIE

### SAMESTELLERS


Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**


### LUISTER-ARTIKELS

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

### PROEFLESERS

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

## NUUSGEBEURE
## INLIGTING
## BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za


Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**


**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321


© 2026 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG KERK VRYSTAAT | © 2026

Departement
*KOMMUNIKASIE EN BEMARKING*